



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

DRAMATIESE KUNSTE

MODEL 2014

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 24 bladsye.

ALGEMENE NOTAS AAN NASIENERS

1. As 'n nasiener, skryf kort opmerkings waarom 'n punt opwaarts of afwaarts aangepas is indien die memorandum nie duidelike riglyne gee nie en die nasiener eie diskresie moet gebruik.
2. Maak duidelike regmerkies om die punt wat behaal is, aan te dui. Nasieners moet aktief by die antwoord betrokke raak.
3. Hoofnasieners moet rubrieke met nasieners fasiliteer. Gebruik die vlakbeskrywings van Dramatiese Kunste om die nasieners te lei.
4. Hou gereelde konsultasies om te verseker dat nasieners gestandaardiseer is.
5. In die geval waar 'n kandidaat meer as die voorgestelde getal woorde skryf, moenie penaliseer nie (bv. opstelvraag).
6. Die memorandumbesprekingsforum kan nie genoegsaam alle antwoorde voorspel nie. Provinsiale nasieners moet dit in ag neem en oop wees vir kandidate se antwoorde. Hulle moet seker maak dat verskillende onderwysstyle nie die kandidaat benadeel nie.
7. Wy die eerste dag aan die bestudering van die kwaliteit en kwantiteit van bewyse in die memorandum, standaardiseer die vereiste antwoorde en vind gemeenskaplike definisies en konsepte.
8. Nasieners moet seker maak dat kandidate se antwoorde ooreenstem met die KABV-dokument se Bree Onderwerpe en Onderwerpe.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A: 20^{ste}-eeuse Teaterbewegings (30 punte)
AFDELING B: Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 (40 punte)
AFDELING C: Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994 – Kontemporêr (40 punte)
AFDELING D: Die Geskiedenis van Teater, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede (40 punte)

2. **AFDELING A**

Alle kandidate moet hierdie vraag beantwoord deur na die toneeltekste wat hulle bestudeer het en die relevante 20^{ste}-eeuse teaterbeweging te verwys.

EPIESE TEATER

- | | |
|--------------------------------------|---|
| • <i>Caucasian Chalk Circle</i> | Bertolt Brecht |
| • <i>Kaukasiese Krytsirkel</i> | Vertaling van Bertolt Brecht-toneeltekste |
| • <i>Mother Courage</i> | Bertolt Brecht |
| • <i>Moeder Courage</i> | Vertaling van Bertolt Brecht-toneeltekste |
| • <i>The Good Person of Szechwan</i> | Bertolt Brecht |
| • <i>Kanna Hy Kô Hystoe</i> | Adam Small |

OF**TEATER VAN DIE ABSURDE**

- | | |
|---------------------------------|---|
| • <i>Waiting for Godot</i> | Samuel Beckett |
| • <i>Afspraak met Godot</i> | Vertaling van Samuel Beckett-toneeltekste |
| • <i>Bagasie</i> | André P Brink |
| • <i>The Bald Prima Donna</i> | Eugene Ionesco |
| • <i>Die Kaalkop Primadonna</i> | Vertaling van Eugene Ionesco-toneeltekste |

OF**POSTMODERNE TEATER**

- | | |
|-----------------------|-----------------|
| • <i>Skrapnel</i> | Willem Anker |
| • <i>Top Girls</i> | Carol Churchill |
| • <i>Popcorn</i> | Ben Elton |
| • <i>Buried Child</i> | Sam Shepard |

3. **AFDELING B**

Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Kandidate moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

- | | |
|---------------------------------------|---|
| VRAAG 2: <i>Woza Albert</i> | Percy Mtwa, Mbongeni Ngema and Barney Simon |
| VRAAG 3: <i>Sophiatown</i> | Junction Avenue Theatre Company |
| VRAAG 4: <i>Siener in die Suburbs</i> | PG du Plessis |

4. **AFDELING C**
Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Kandidate moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

VRAAG 5: <i>Nothing but the Truth</i>	John Kani
VRAAG 6: <i>Groundswell</i>	Ian Bruce
VRAAG 7: <i>Mis</i>	Reza de Wet

5. **AFDELING D**
Hierdie afdeling bestaan uit VIER vrae. In hierdie modelvraestel sal kandidate DRIE vrae soos volg beantwoord:

VRAAG 8 **OF** VRAAG 9
VRAAG 10 **EN** VRAAG 11

NOTA AAN ONDERWYSERS

AFDELING D kan elke jaar 'n ander getal vrae bevat, afhangend van die aspekte wat getoets word en die bronmateriaal wat gebruik is.

AFDELING A: 20^{ste}-EEUSE TEATERBEWEGINGS**VRAAG 1**

Die kandidaat moet hierdie vraag in die vorm van 'n opstel beantwoord en die toneelteks wat hy/sy bestudeer het, as 'n voorbeeld gebruik. Teater van die Absurde ÓF Epiese Teater ÓF Postmoderne Teater.

Die opstelle moet volgens die rubriek nagesien word en moet die kandidate se benadering van die onderwerp in ag neem. Gemotiveerde, oorspronklike antwoorde wat insig toon, moet gekrediteer word.

	PUNT	BESKRYWER
Uitstekend	27–30	Die kandidaat het 'n duidelike begrip van die aanhaling en kan die toneelteks en die teaterbeweging wat hy/sy bestudeer het, met die aanhaling in verband bring. Die kandidaat kan 'n argument konstrueer wat die waarheid van die aanhaling ondersteun en konkrete, spesifieke voorbeelde uit die beweging en toneelteks gebruik. Die kandidaat bespreek 'n minimum van drie van die kolpunte en 'n maksimum van vyf en kies geskikte punte uit die lys wat verband hou met die toneelteks en beweging wat hy/sy bestudeer het. Hy/Sy fokus op die verskillende doeleindes van teater en bespreek duidelik hoe die toneelteks wat bestudeer is, 'n voorbeeld van 'n sekere oortuiging is.
Baie Goed	24–26	Die kandidaat verstaan die aanhaling en kan die toneelteks en teaterbeweging wat hy/sy bestudeer het, met die aanhaling in verband bring. Die kandidaat kan 'n argument konstrueer wat die waarheid van die aanhaling ondersteun en voorbeelde uit die beweging en toneelteks gebruik. Die kandidaat bespreek 'n minimum van drie van die kolpunte en kies 'n paar gepaste punte uit die lys wat met die toneelteks en beweging wat hy/sy bestudeer het, verband hou. Hy/Sy bespreek hoe die toneelteks wat bestudeer is, 'n voorbeeld van 'n sekere dramaturg se motivering en teaterbeweging is.
Goed	21–23	Die kandidaat verwys na die aanhaling en kan die toneelteks en teaterbeweging wat hy/sy bestudeer het, met die aanhaling in verband bring. Die kandidaat probeer om die waarheid van die aanhaling te ondersteun en gebruik voorbeelde uit die beweging en toneelteks. Die kandidaat bespreek 'n minimum van drie van die kolpunte en kies 'n paar gepaste punte uit die lys wat met die toneelteks en die beweging wat hy/sy bestudeer het, verband hou. Hy/Sy oorweeg hoe die toneelteks wat bestudeer is, 'n voorbeeld van 'n sekere dramaturg se motivering en teaterbeweging is.
Bevredigend	18–20	Die kandidaat kan direk na die aanhaling verwys, maar sal meer waarskynlik 'n verbinding aflei as om dit direk te noem. Hy/Sy bespreek die toneelteks en teaterbeweging. Die kandidaat probeer om die beweging en toneelteks in verband te bring. Die kandidaat bespreek 'n paar van die kolpunte en kies 'n paar punte uit die lys wat die toneelteks en beweging wat hy/sy bestudeer het, verbind. Hy/Sy kan meer punte uit die lys dek, maar op 'n oppervlakkige manier.
Gemiddeld	15–17	Die kandidaat is geneig om 'n verbinding met die aanhaling af te lei eerder as om dit direk te noem. Hy/Sy verduidelik die toneelteks en teaterbeweging. Die kandidaat slaag daarin om 'n paar voorbeeld(e) van dramatiese teoretici/praktisyns, toneelstukke of tekste te gee, maar is dikwels nie in staat om dit met die aanhaling in verband te bring nie. Hy/Sy gee 'n paar basiese beskrywings van punte, maar het nie die vermoë om die teaterbeweging, toneelteks en aanhaling samehangend met mekaar in verband te bring nie. In die algemeen word breë stellings oor drie of meer van die punte gemaak.

Elementêr	11–14	Die kandidaat is geneig om die aanhaling te ignoreer en verwys toevallig daarna, eerder as doelbewus. Hy/Sy beskryf die toneeltekste en teaterbeweging. Die kandidaat slaag daarin om 'n paar voorbeelde van dramatiese teoretici/praktisyns, toneelstukke of tekste te gee, maar is dikwels nie in staat om dit met die aanhaling in verband te bring nie. Die kandidaat gee 'n paar beskrywings van punte, maar het nie die vermoë om die teaterbeweging, toneeltekste en aanhalings samehangend met mekaar in verband te bring nie. In die algemeen maak hy/sy stellings wat na drie of meer van die punte verwys en sy/haar antwoord fokus dikwels op die intrige.
Swak	0–10	Die kandidaat is geneig om die aanhaling te ignoreer en verwys toevallig daarna, eerder as doelbewus. Die kandidaat gee 'n paar beskrywings van punte, maar het nie die vermoë om die teaterbeweging, toneeltekste en aanhaling met mekaar te verbind nie. In die algemeen maak hy/sy algemene stellings wat na sommige van die punte verwys.

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

VRAAG 2: WOZA ALBERT! DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA, BARNEY SIMON

- 2.1 Dit is akkuraat, omdat die toneelstuk die ernstige kwessies van apartheid en onderdrukking op 'n humoristiese en lighartige manier voorstel. Die skeppers van hierdie toneelstuk het 'n eenvoudig scenario geneem (Wat sou jy doen as Jesus na Suid-Afrika sou kom?) en die ernstige kwessies wat swart mense van die tyd in die gesig gestaar het, daarmee verweef.
Voorbeeld: Die gewag vir werk langs die pad raak skreeusnaaks soos wat die karakters probeer om hul vaardighede aan die potensiele werkgewer te 'verkoop'. (3)
- 2.2
- 2.2.1 Gesamentlike toneelskepping is 'n proses waar 'n toneelstuk deur 'n groep geskep word en waar elke persoon in die groepe dieselfde hoeveelheid insette in die skeppingsproses lewer. Anders as 'n neergeskryfde toneelstuk waar die visie tot dié van die dramaturg(e) beperk word. (2)
- 2.2.2 Die proses word werkswinkeldramaskepping ('workshopping') genoem. Werkswinkeldramas word geskep deur 'n groep mense wat rondom 'n basiese idee/bedoeling eksperimenteer en improviseer. In *Woza Albert!* was die oorspronklike idee 'Wat sou jy doen as Jesus nou na Suid-Afrika sou kom?' Hierdie proses is gebaseer op tradisionele navorsingsmetodes, onderhoude of persoonlike ervaring. Die skeppers het navorsing gedoen en waargeneem wat in die townships, by busstasies, treinstasies en in markte gebeur. Hulle het toe geïmproviseer deur hul waarnemings en navorsing te gebruik om karakters te skep en op situasies te reageer.
Die groep werk aan die basiese raamwerk, akteurs improviseer binne hierdie raamwerk terwyl die res van die groep toekyk, reageer en raad gee, en die verskeie 'stukkies aksie' (tonele) uitkies. Die tonele wat gekies is, word dan aanmekaargelas met verbindingsmiddele om die raamwerk vir 'n opvoering te verskaf en word dan finaal aangeteken/gerekordeer. Dit kan die finale fase van aantekening van die produksie wees as 'n teks, klankopname of video-opname.
(Aanvaar ander relevante antwoorde.) (10)

- 2.2.3 Dit is 'n gesamentlike benadering. Elke persoon het insae in die proses. Opvoedkundige kwalifikasies is nie as 'n voorvereiste oorweeg in die skep van 'n toneelstuk nie. Jy het nie noodwendig nodig gehad om geletterd te wees om aan die proses deel te neem nie. Alle idees en sienings word oorweeg, anders as in 'n neergeskryfde ('scripted') toneelstuk waar slegs die dramaturg se siening gereflekteer word. Dit was goed vir die Suid-Afrikaanse konteks omdat gewone mense 'n kans gegun is om deel van die proses van toneelskepping te wees. Die ernstige kwessies van onderdrukking en apartheid kon uit verskillende oogpunte oorweeg word.
(Aanvaar ander relevante antwoorde.)

(5)

- 2.3 'n Subjektiewe antwoord word vereis. Kandidate kan 'geldig' of 'nie geldig nie' kies, of selfs beide, maar moet hul antwoord met verwysing na die teks en die vraag motiveer.

	PUNT	BESKRYWER
Baie Goed	7–8	Die kandidaat het 'n uitstekende begrip van die toneelstuk en die resensie. Hy/Sy is in staat om sy/haar antwoord te ondersteun deur die sosiopolitieke omgewing van die toneelstuk en die karakters se motivering te verbind deur relevante voorbeelde uit die toneelstuk te gebruik om dit met die huidige samelewing in verband te bring. Hierdie kandidaat sal meer waarskynlik saamstem dat die resensie geldig is.
Goed	5–6	Die kandidaat het 'n goeie begrip van die toneelstuk en die resensie. Hy/Sy is in staat om sy/haar antwoord met relevante voorbeelde uit die toneelstuk en die karakters se motiverings te ondersteun en dit met die nou in verband bring. Hierdie kandidaat kan saamstem, of nie, oor die geldigheid van die resensie vir vandag, maar het die vermoë om sy/haar antwoord te motiveer.
Gemiddeld	3–4	Die kandidaat het 'n begrip van die toneelstuk. Is geneig om korrekte stellings te maak, maar dit word nie deur 'n duidelike verwysing na die toneelteks ondersteun nie.
Swak	0–2	Die kandidaat het 'n swak begrip van die toneelstuk. Is geneig om breë stellings te maak, waarvan baie glad nie met die resensie verband hou nie.

(8)

2.4

- 2.4.1 Dit bepaal die luim, toon en atmosfeer vir die res van die toneelstuk. Dit vertoon die akteurs se vaardighede, talent en vermoë om klank en musiek te skep sonder 'n werklike orkes. Dit is ook 'n lewendige begin en sal die gehoor se aandag onmiddellik trek. Dit is die ideale begin vir die toneelstuk omdat die polisieman in die volgende toneel sê: 'Beautiful musician'.

(4)

- 2.4.2 Die volgende is 'n paar voorbeelde van fisiese tegnieke wat gebruik is: Mimiektgnieke kan insluit: wys gewig, vorm en grootte in die ontwikkeling van 'n karakter of om 'n toneel te vestig. In die openingstoneel gebruik hulle hul liggame om 'n jazz-orkes te word en beweeg dan vinnig om 'n gehoor te word. Terwyl Mbongeni staan en handeklap, word Percy die polisieman. Ander fisiese vaardighede kan insluit ratsheid, verskeidenheid en die vermoë om fisiese karakterisering te gebruik. Vokale tegnieke sluit verbale en vokale dinamiek in. Hulle word 'n jazz-orkes deur hul monde te gebruik om die klanke van die saksofoon, fluit en tromme, bongo-tromme, trompette, ens. te skep. Dan verander die akteurs skielik in 'n gehoor.

(8)
[40]

VRAAG 3: SOPHIATOWN DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

- 3.1 Mingus: Hy word gefassineer deur Ruth en probeer om haar te beïndruk deur haar 'gemaklik' te maak. Hy sien haar ook as 'n potensiële romantiese maat en wil haar gelukkig hou.
Princess: Sy is vreeslik jaloers op Ruth omdat sy wit is en sy sien haar as kompetisie vir Mingus se aandag. Sy voel bedreig deur Ruth se koms en wil haar uit hê omdat sy die enigste een wil wees vir wie Mingus lief is.
Lulu: Sy hou van Ruth en is mal oor haar bleek vel. Sy dink Ruth is opwindend en iemand met wie sy kan identifiseer. Sy sien haar ook as iemand wat haar sal kan help om haar Engels te verbeter. Sy irriteer vir Prinses deur Ruth se kant te kies. (6)
- 3.2 Princess, soos Mingus sê, kom uit die krotbuurt en is bereid om Mingus se mishandeling te verdra omdat hy vir haar materiële besittings gee. Sy wil nie terugkeer na haar ou leefstyl nie en is daarom bereid om Mingus se ongeskikte en arrogante gedrag en hoe hy haar behandel, te aanvaar. Sy voel dat dit haar reg is om te kry wat sy wil hê omdat sy Mingus se meisie is, want daar word 'n sekere status geheg aan die meisie van 'n *American* in Sophiatown. Princess wil Ruth weg hê uit Sophiatown en is bereid om Mingus se verbale mishandeling te verdra om haar sin te kry. (4)
- 3.3 Mingus gebruik Tsotsitaal – 'n mengsel van Engels, Afrikaans, Sotho en straatsleng. Dit was gepas omdat dit die taal was wat daardie tyd deur die meeste mense in Sophiatown (veral die bendes) verstaan is. Dit was dus maklik om te verstaan en mense kon met die karakters identifiseer. Dit het die toneelstuk in konteks geplaas. Dit laat hom ook soos 'n magtige man voel en dat hy sy meisie beheer. (4)
- 3.4 Mingus verteenwoordig die bendeledede van Sophiatown. Misdaad en geweld was 'n realiteit van die stadslewe en -kultuur. Armoede, wanhoop en wetteloosheid het gelei word die vorming van baie bendes. Jongmense in die township kon nie werk kry nie. Dit het gelei tot die vorming van bendes wat in Sophiatown bedrywig was. Daar was die *Berliners* (wat meestal kleinskaalse misdaad gepleeg het), die *Gestapos* (wat baie van hul tyd gewy het aan die beskerming van hul gebied) en die *Americans* (wat die spoggerigste en bekendste bende in Sophiatown was). Hierdie bendes het die mense van Sophiatown en mekaar geterroriseer. Bendes het vanuit die stadsbushalte wat deur Sophiatown se inwoners gebruik is, gewerk. Mingus het aan die *Americans* behoort en hulle het goedere op die spoorweë gesteel. Hulle het nie by die mense van Sophiatown gesteel nie; eerder hul gesteelde goedere baie goedkoop verkoop. In 'n insident in die toneelstuk praat Mingus oor hoe hy saam met sy 'boys' in die *Ritz* ingeloop het, net soos Styles in die Amerikaanse films, sy hoed uitgehou het, en al die gaste moes hul waardevolle besittings in die hoed gooi. Dit het gelyk asof die polisie nie veel omgee oor die misdaad nie, veral nie tussen die bendes en die inwoners nie, want die Distrikskommandant het 'n versoek van die inwoners dat 'n ondersoek gedoen word, geweier. Dit polisie het egter klopjagte gehou waar hulle gesteelde goedere en alkohol gekonfiskeer het. (4)

- 3.5 Vokaal: Toon – Arrogant en aggressief. Volume – Sal geleidelik harder word soos wat hy kwater raak. Tempo sal vinniger word soos sy woede en irritasie toeneem. Fisies: Sy gesigsuitdrukking sal sy woede weerspieël – wenkbroue gelig of in 'n frons. Neusgate wyd oop. Hy sal sy vinger voor Prinses rondswaai en hy kan na haar toe loop as hy haar dreig.

(Sien holisties na. Aanvaar ander geldige antwoorde wat die vokale en fisiese opvoering verbind.)

(8)

- 3.6 Subjektiewe antwoord word vereis.

Inhoud: Die kandidate kan skryf oor die noodsaaklike deel van ons geskiedenis wat deur die bestudering van die toneelstuk onthou word. Dit vorm ook deel van ons uitgebreide kulturele en sosiopolitieke erfenis. Dit maak ons bewus van hoe die lewe in die 1950's was. Die toneelstuk maak die geskiedenis lewendig. Die kandidaat kan sê dat ons hieruit kan leer en seker maak dat die samelewing niemand weer so behandel nie.

Styl: Bestudering van hoe die toneelstuk geskep is (deur 'n werkswinkelbenadering en dan teksnotas) laat leerders wat die toneelstuk bestudeer, toe om die proses en produk van werkswindeldramas te verstaan.

(Aanvaar ander geldige antwoorde

(4)

- 3.7 Inhoud (verwys ook na die rubriek op die volgende bladsy): Sophiatown was 'n voorstad met eiendomsreg, anders as ander swart townships in Suid-Afrika. Swart mense kon hul eie grond besit, is toegelaat om hul eie huise te bou en kon kamers aan huurders verhuur as hulle wou. Dit was ook 'n plek waar alle rasse kon meng en vrylik rondbeweeg omdat daar vryheid van beweging was. Dit was amper asof apartheid minder mag in Sophiatown gehad het. Volgens Es'kia Mphahlele het 'die vryheid van gees tussen die mense wat in Sophiatown gewoon het, dit spesiaal gemaak. Hulle het nie vasgevang gevoel deur grense nie en dit kon gesien word in hul gemaklike leefstyl'. Dit was die enigste swart township wat nie omhein was soos ander townships nie. Omdat Sophiatown 'n voorstad met eiendomsreg was, het sjebeens en danssale gefloreer. Die lewe hier was dinamies en opwindend.

Toe die Nasionalistiese regering aan bewind gekom het, het hulle Sophiatown gehaat omdat dit alles verteenwoordig het wat volgens hulle met Suid-Afrika verkeerd was. Die destydse apartheidsregering het toe besluit dat Sophiatown vernietig moes word. Die Hervestigingsraad het die grondeienaars in Sophiatown opdrag gegee om hul eiendomme te verkoop, maar die inwoners het geweier om dit te doen. In 1955 het die regering 'n datum vir uitsettings aangekondig. Dit het die mense woedend gemaak en hulle het weerstand gebied. Die regering het egter vier dae vroeër as die datum wat aangekondig is, inbeweeg. Soos Fahfee in die toneelstuk sê: 'Three days earlier they came and we weren't prepared. There were two thousand G-men lining the street.' En volgens BRON C: 'Met die mense wat hul eie besittings gepak het terwyl vuurwapens op hulle gerig is'. Dit was 'n skoktegniek omdat hulle geweet het dat die mense hulle sou verset en nie trek nie. Toe die mense hiervan hoor, het hulle dadelik begin om hul meubels en besittings na die skole en gemeenskapsale te verskuif. Sonder waarskuwing het swaargewapende polisie en die regering se slopingspanne in Sophiatown inbeweeg en mense uit hul huise geforseer. Baie mense het nie kans gekry om behoorlik te pak of familie, bure en vriende te groet nie. Die skeppers van die toneelstuk wys die pyn en wanhoop wat die mense gevoel het deur die verskillende karakters aan die einde. Mamariti sê: 'I'd rather die. Dump me anywhere. I'd rather die.' Jakes sê: 'This bitterness inside me wells up and chokes. We lost, and Sophiatown is rubble.'

(Aanvaar ander geldige en relevante antwoorde deur kandidate.)

	PUNT	BESKRYWER
Baie Goed	9–10	Die kandidaat het 'n uitstekende begrip van die toneelstuk, die sosiopolitieke omgewing en die konteks van Sophiatown. Hy/Sy is in staat om sy haar antwoord te ondersteun deur die sosiopolitieke omgewing van die toneelstuk en die karakters se gedrag en motiverings te verbind deur relevante voorbeelde uit die toneelstuk te gebruik. Die kandidaat verwys na beide die bronne en die toneelteks.
Goed	7–8	Die kandidaat het 'n goeie begrip van die toneel, die sosiopolitieke omgewing en die konteks van Sophiatown. Hy/Sy is in staat om sy/haar antwoord te ondersteun deur die sosiopolitieke omgewing van die toneelstuk en die karakters se aksies te verbind deur voorbeelde uit die toneelstuk te gebruik. Die kandidaat verwys na ten minste een bron en die toneelteks.
Gemiddeld	5–6	Die kandidaat het 'n deeglike begrip van die toneelstuk, die sosiopolitieke omgewing en die konteks van Sophiatown. Hy/Sy is in staat om die sosiopolitieke omgewing van die toneelstuk te verduidelik en verwys na die karakters, maar verbind die twee nie altyd duidelik nie.
Elementêr	3–4	Die kandidaat het 'n begrip van die toneelstuk. Hy/Sy is in staat om die insidente in die toneelstukke (intrige) te verduidelik en verwys na die karakters. Is geneig om breë stellings te maak, waarvan baie nie duidelik met die vraag verbind kan word nie en is geneig om dit óf met die bronne óf met die toneelstuk te verbind.
Swak	0–2	Die kandidaat het 'n swak begrip van die toneelstuk. Is geneig om breë stellings oor die intrige of die toneelstuk of die karakters te maak OF kyk na die bronne en beskryf wat in hulle gebeur, sonder verwysing na die toneelstuk.

(10)
[40]**VRAAG 4: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS**

- 4.1 Realisme (1)
- 4.2 Die stel is geskik vir 'n produksie van *Siener in die Suburbs* omdat dit probeer om die realistiese omgewing buite Ma en haar gesin se huis te skep, soos deur die dramaturg vereis word. Dit het die deur vir die inkom en uitgaan en 'n agtergrond wat ander mense se huise in die voorstad voorstel. Die trappies voor die stoep is algemeen in huise en verskaf addisioneel speelruimte. Die middelverhoogruimte is bedoel om voor die huis en motorhuis te wees, en die handeling vind hier plaas. (4)
- 4.3 A: Jakes – die 'koel' ou in die leerbaadjie. Al die meisies hou van hom. Hy kry wat hy wil hê en het mag. Ons sien 'n ander kant van hom wanneer ons besef dat hy 'n kind wil hê – miskien sodat hy Tiemie kan besit of sodat hy iets kan hê om lief te hê.
 B: Ma – probeer desperaat om die gesin emosioneel en finansiële bymekaar te hou. Sy voel baie skuldig omdat sy saam met Giel bly sonder om getroud te wees, maar is te bang om haar pensioen te verloor as sy met hom trou (en hy gebruik dit as 'n verskoning om haar nie te vra nie). Sy is desperaat dat haar gesin in die oë van ander respektabel bly.
 C: Tiemie – jonk, ambisieus en desperaat om uit die erge armoede van haar bestaan te ontsnap. Maak sy maak die fout om by die gevaarlike en besitlike Jakes betrokke te raak. Haar vermoedelike swangerskap sal haar kans om te ontsnap, beëindig. (3 x 3) (9)

- 4.4 Die veelrassige rolverdeling sal die gehoor se siening van die toneelstuk verander. Die veelrassige rolverdeling sal die gehoor toelaat om te beseef dat die toneelstuk nie net oor 'n arm, wit Afrikaanse gemeenskap handel nie, maar oor enige gemeenskap wat van dag tot dag in armoede leef en bang is vir die toekoms wat skynbaar geen hoop inhou nie. Die temas van geweld en liefde, die kwessies van ongewenste swangerskappe, dobbelary en swendelaars wat kwesbare vroue manipuleer, is algemeen in enige samelewing sonder geld en opvoeding.

(Aanvaar ook dat die toneelstuk nie 'n sukses sal wees nie omdat dit handel oor 'n arm, wit Afrikaanse gemeenskap tydens die depressie in Suid-Afrika. Die kandidaat moet sy/haar antwoord motiveer.)

(6)

- 4.5 Die verhouding bly een van 'saamblyery' omdat Ma se vermiste man vir haar 'n pensioen gelos het en dit sal stop as sy weer trou. Die vermiste man is nooit gevind nie, so Ma is nie seker of sy weer moet trou, of nie. Giel is nogal verlig dat hy 'n verskoning het om nie met Ma te trou nie en kan 'n ander vrou kry, as hy moet. Die situasie pas hom.

(3)

- 4.6 Giel wil hê Tjokkie moet 'sien' sodat Tjokkie die wenner van Saterdag se perdewedrenne kan voorspel. Hy wil baie geld op die wedrenne wed sodat hy die geld kan gebruik om van sy skuld te betaal.

(3)

- 4.7 Ma is gelate, maar teleurgesteld. Sy is gewoond daaraan dat hy maak of hy gaan verander, maar hy doen dit nie en kan ook nie. Sy is bang dat hy haar sal los en daarom is sy bang om te eerlik met hom te wees.

Fisies: Sy kyk hartseer na hom met haar liggaam effens geboë – verslane.
Vokaal: Sy sal stadig praat met 'n toon van pyn en desperaatheid en die woorde 'weer perde' beklemtoon.

(4)

4.8

	PUNT	BESKRYWER
Baie Goed	9–10	Die kandidaat het 'n uitstekende begrip van die toneelstuk en die sosiopolitieke omgewing en konteks van <i>Siener in die Suburbs</i> . Hy/Sy is in staat om sy/haar antwoord te verbind met die sosiopolitieke omgewing van die toneelstuk en twee temas deur relevante voorbeelde uit die toneelstuk te gebruik. Die kandidaat verwys na die aanhaling, toneelteks en twee temas.
Goed	7–8	Die kandidaat het 'n goeie begrip van die toneelstuk en die sosiopolitieke omgewing en konteks van <i>Siener in die Suburbs</i> . Hy/Sy is in staat om sy/haar antwoord te ondersteun deur die sosiopolitieke omgewing van die toneelstuk en tema(s) te verbind deur voorbeelde uit die toneelstuk te gebruik. Die kandidaat verwys na die aanhaling, toneelstuk en ten minste een tema.
Gemiddeld	5–6	Die kandidaat het 'n deeglike begrip van die toneelstuk en die sosiopolitieke omgewing van <i>Siener in die Suburbs</i> . Hy/Sy is in staat om die omgewing van die toneelstuk te verduidelik en verwys na die tema(s), maar verbind nie altyd die aanhaling, toneelteks en die tema(s) nie.
Elementêr	3–4	Die kandidaat het 'n begrip van die toneelstuk. Hy/Sy is in staat om 'n tema (of twee) te noem. Is geneig om breë stellings oor die toneelteks te maak en verbind nie noodwendig met die aanhaling of tema(s) nie.
Swak	0–2	Die kandidaat het 'n swak begrip van die toneelstuk. Hy/Sy kan moontlik 'n tema (of twee) noem. Dikwels niks meer nie. Andersins is hy/sy geneig om breë stellings oor die toneelteks te maak en verbind nie noodwendig met die aanhaling of tema(s) nie.

(10)
[40]**TOTAAL AFDELING B:****40**

AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994 – KONTEMPORÊR

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

- 5.1 Van 'n vroeë ouderdom voel Siphos dat dinge by hom gevat word, soos sy draadbus en sy skoolbaadjie. Nadat hy gematrikuleer het, voel hy dat hy nie 'n verdere opvoeding gegun is nie omdat sy pa nie kon bekostig om sy klasgeld by 'n universiteit te betaal nie. Hy het nog erger gevoel toe sy pa betaal het sodat Themba universiteit toe kon gaan. In sy werkslewe het hy gevoel dat hy uit sy kans om 'n prokureur te wees, gekul is – dit was sy droom, maar hy het nooit die kans gekry om sy leerkontrak by Spilkin & Spilkin te voltooi nie. Die finale strooihalmpie was toe Themba 'n buite-egtelike verhouding met sy vrou gehad het. (4)
- 5.2 Hy het so pas gehoor dat hy nie die pos as hoofbibliotekaris by die biblioteek wat hy reeds jare lank werk, gekry het nie. Hy het geglo dat die pos aan hom belowe is. (2)
- 5.3 Thando kan sien dat hy ontsteld en kwaad is en sy wil hom kalmeer. Hy het ook gedrink, wat hy nie gewoonlik doen nie. Sy wil seker maak dat hy homself nie in die verleentheid stel nie. (2)
- 5.4 Vokaal:
- Volume: Siphos sal hard begin omdat hy die woord 'No' beklemtoon.
 - Toon: Sal vol woede, spyt en bitterheid wees.
 - Tempo: Sal medium tot vinnig wees en stadiger word as hy die insident oor sy naam onthou.
- Fisies:
- Gesigsuitdrukking: Siphos sal 'n kwaai kyk op sy gesig hê – wenkbroue gelig, 'n frons, oë vernou.
 - Gebare: Hy sal gewelddadige en aggressiewe armgebare gebruik om sy irritasie en woede te wys.
 - Beweging: Hy kan heen en weer loop terwyl hy hierdie reëls voordra.
- (Aanvaar ander geldige en relevante antwoorde.) (6)
- 5.5 Die uittreksel beklemtoon Siphos se behoefte om te praat. Hy vertel Mandisa oor sy lewe en hoe hy uit soveel dinge gekul is in sy lewe. Soos wat hy sy verlede oproep, word hy al hoe kwater en uiteindelik lei dit tot sy finale uitbarsting as hy die volle waarheid ('the whole truth and nothing but the truth') vertel, wat by die titel aansluit. Vir die grootste deel van sy lewe het Siphos sy emosies ingehou en dit het veroorsaak dat hy 'n woedende en bitter man geword het. Hy was kwaad omdat hy gekul, verraai en verneder gevoel het. Hy het gevoel dat hy by die reëls gehou het en ander, veral sy broer, het nie. Hy het gevoel dat hy nie enige beloning gekry het nie, ten spyte van sy harde werk en toewyding. Hy het altyd gedoen wat ander van hom verwag het. As gevolg hiervan kon hy nie in sy lewe vorder nie. Die bagasie wat hy al die jare saamgedra het, het verhoed dat hy as man en as mens vervul is. Dit is eers as hy Themba vergewe, dat hy finaal met sy lewe kan voortgaan en nuwe doelwitte kan skep. Nadat hy die waarheid vol in die oë gekyk het, slaan Siphos se persoonlike reis in die toneelstuk 'n meer positiewe rigting in. (5)

- 5.6 Dit is 'n realistiese toneelstuk; die kostuums sal die karakters se status en persoonlikhede weerspieël.

Thando:

Konserwatiewe klere om by haar kalm persoonlikheid te pas. Sy kan in tradisionele klere of formele klere soos 'n lang romp en baadjie geklee wees. Sy kan 'n serp om haar nek of kop hê.

Mandisa:

Meer flamboyante persoonlikheid en dit sal weerspieël word in hoe haar kostuum lyk. Helder, modieuse klere soos 'n broekpak of 'n kort rompie en baadjie met stewels. Sy is 'n mode-ontwerper en kom van Londen, so sy kan die nuutste neigings van die tyd in Londen weerspieël.

(Aanvaar ander relevante antwoorde.)

(6)

- 5.7 **Apartheidsregering:**

Sipho het gevoel dat hy op baie maniere deur die apartheidsregering benadeel is. Hy is aan Bantoe-onderwys blootgestel en het in 'n gebied gewoon wat slegs aan swart mense toegeken is. Hy is nie toegelaat om sy leerkontrak te voltooi nie, en het dus 'n klerk gebly, al het jonger, wit mans in die maatskappy ingekom en voor hom gekwalifiseer. Dieselfde ding het by die biblioteek gebeur. Hy is nie bevorder nie omdat hy swart was. Hy het 'n seun verloor wat deur die apartheidspolisie geskiet is en is aan baie klopjagte deur die polisie blootgestel. Selfs sy pa se begrafnis is in 'n politieke kwessie verander. Hy was een van die duisende wat geprotesteer het en is geslaan, maar nie erken nie.

Post-apartheidsregering:

Sipho was een van die massas en nie soos sy broer wat as belangrik beskou is as 'n politieke aktivis nie. Hy het geen krediet of erkenning ontvang nie, ten spyte van die feit dat hy al die optogte bygewoon het. Hy het gedink dat hy uiteindelik die erkenning sou kry wat hy verdien toe hy vir die pos as hoofbibliotekaris aansoek gedoen het, maar dit is aan 'n jonger man gegee. Hy het gevoel dat hy verraai is deur 'n regering wat hy gehelp het om aan bewind te kom.

(5)

- 5.8 Die kwessies van vergifnis en versoening word op beide 'n politieke en persoonlike vlak uitgebeeld. Sipho was in kompetisie en konflik met sy broer vandat hulle jonk was. Hy is verraai deur sy broer se buite-egtelike verhouding met sy vrou en sukkel om oor sy gevoel van verlies te praat. Hy moet die feit dat hy te oud is om as die hoofbibliotekaris aangestel te word, verwerk. Hy aanvaar uiteindelik sy situasie en dat hy dit nie kan verander nie en fokus op wat hy nou kan doen, eerder as op wat hy in die verlede gedoen het.

Die tema van versoening word ontwikkel, nie net deur Thando se dialoog en aksie nie, maar ook deur die ander karakters in die toneelstuk se siening oor die WVK. Die konfrontasie, identifikasie en erkenning van trauma in die verlede, eerder as om dit te onderdruk, word as sentraal tot die helings- en versoeningsproses beskou. Dit is eers wanneer Sipho uiteindelik sy volle gevoel van verraad deur sy broer, Themba, deel dat hy 'n punt van vergifnis en versoening met sy eie verlede op 'n persoonlike vlak bereik. Thando ondersteun die konsep van versoening, terwyl die polities naïewe Mandisa daarteen gekant is en meen dat die oortreders van apartheidsmisdade dienooreenkomstig gestraf is. Thando glo dat versoening (deur die WVK) 'n brug vorm tussen die verlede van 'n verdeelde samelewing en 'n toekoms wat gegrond is op die erkenning van menseregte en demokrasie.

Na Mandela se vrylating in 1990 en die ontbanning van die ANC was daar geen aansporing vir oortreders om die waarheid te vertel nie en die howe sou tussen een slagoffer se woord teenoor die bewyse van baie oortreders moes besluit. Thando is teen hierdie benadering gekant, wat sy duidelik met die begeerte van 'wraak' assosieer. Volgens haar impliseer dit dat die Liberale Partye hulself by die verdrukters sou skaar in 'n totale miskenning van menseregte. Die idee was om nie behep te wees met die verlede nie, maar om seker te maak dat die verlede behoorlik hanteer is ter wille van die toekoms. 'n Begrip van wat hier voorgestel word, is sentraal tot die handeling van die toneelstuk: Siphos se ervaring van persoonlike verraad, sy verkleinde sin van selfwaarde, sy waardigheid, is gedeel en 'as werklik bevestig'. Dit word gedoen deur die familie se storie met die twee meisies te deel. Dit 'hanteer die verlede' en vestig die fondasie vir die toekoms van die familie. (Aanvaar ander, goed gemotiveerde antwoorde.)

(10)
[40]

VRAAG 6: GROUNDSWELL DEUR IAN BRUCE

- 6.1 Kandidate kies 'n voorbeeld van 'n magstryd in die toneelstuk. Die gepasste is tussen Johan en Thami, maar nasieners moet oop wees vir ander interpretasies.

Voorbeeld: Johan en Thami werk saam en dit lyk aanvanklik asof hulle dieselfde agenda het, maar soos die toneelstuk ontwikkel, word die magstryd tussen hulle duidelik. Johan wil vir diamante delf en Thami neem wat hy voel die maklike roete van onwettige diamanthandel is. Johan probeer om Smith te boelie om hulle te help, maar Thami keer dit en Johan moet die feit aanvaar dat Thami (vir wie hy wou help) nou die magtige een is en dat Johan alles verloor het.

	PUNT	BESKRYWER
Goed	5–6	Die kandidaat kan die magstryd tussen die karakters beskryf en daar is bewyse van 'n goeie begrip van die toneelstuk.
Gemiddeld	3–4	Die kandidaat het 'n deeglike begrip van 'n magstryd en kan sy/haar antwoord met duidelike voorbeelde uit die toneelteks ondersteun.
Swak	1–2	Die kandidaat maak 'n stelling wat 'n magstryd identifiseer, maar ondersteun nie sy/haar antwoord nie. Kan verkeerd interpreteer en op die fisiese konflik in die toneelstuk fokus.
Nie in staat om te beantwoord nie	0	Die kandidaat is nie in staat om enige magstryd in die toneelstuk te identifiseer nie. Skryf soms inligting wat totaal irrelevant tot die vraag is.

(6)

6.2 Die antwoord moet nagesien word volgens die rubriek hieronder.

	PUNT	BESKRYWER
Baie Goed	6	Die kandidaat het 'n uitstekende begrip van die toneelstuk en die aanhaling. Hy/Sy is in staat om sy/haar antwoord te ondersteun deur die sosiopolitieke omgewing van die toneelstuk en die karakters se motiverings te verbind deur relevante voorbeelde uit die toneelstuk te gee. Die kandidaat verwys na beide die aspekte van die aanhaling: die riller en die gemeenskap.
Goed	4–5	Die kandidaat het 'n deeglike begrip van die toneelstuk en die aanhaling. Hy/Sy is in staat om sy/haar antwoord te ondersteun met relevante voorbeelde uit die sosiopolitieke omgewing van die toneelstuk en die karakters se motiverings. Die kandidaat verwys na beide aspekte van die aanhaling: die riller en die samelewing.
Gemiddeld	2–3	Die kandidaat het 'n begrip van die toneelstuk. Hy/Sy sal waarskynlik slegs een aspek van die aanhaling behandel: die riller of die samelewing. Is geneig om korrekte stellings te maak, maar dit word nie deur 'n duidelike verwysing na die toneelteks ondersteun nie.
Swak	0–1	Die kandidaat het 'n swak begrip van die toneelstuk. Hy/Sy sal waarskynlik slegs een aspek van die aanhaling behandel: die riller of die samelewing. Is geneig om breë stellings te maak, waarvan baie glad nie met die aanhaling verbind kan word nie.

(6)

6.3 Johan het so pas 'n mes teen Thami se nek gehou en vra om verskoning daarvoor. Hy vra ook om verskoning vir die konflik tussen die twee oor Smith, die diamantkoper en dat hy by die veiligheidsmagte betrokke was en tydens die apartheids-era by menseregteskendings betrokke was.

(4)

6.4 Die kredietkaart en sleutels behoort aan Smith en Johan het dit gesteel. Johan glo dat hy reg was om Smith se besittings te neem as 'n tipe vergoeding/terugbetaling deur Smith vir apartheid. Thami neem beheer van die verhouding wanneer hy vir die sleutels en kredietkaart vra en Johan wys dat hy die konflik opgee wanneer hy dit vir Thami gee.

(4)

6.5 Die dramaturg maak die aksies van beide karakters baie duidelik aan die leser/regisseur. Hierdie aksies is belangrik vir die korrekte oordrag van die dramaturg se bedoeling van teks na die verhoog. Die dialoog is nie genoeg vir 'n leser/regisseur om te interpreteer wat vereis word nie. Aksiewoorde word gegee ('swiftly', 'forcefully', 'reluctant') om die toneelspeeler met sy rol te help. Die gedetailleerde verhoogaanwysings is tipies van 'n toneelstuk wat 'n realistiese omgewing en karakters gebruik.

(4)

6.6 Alhoewel die reël slegs drie woorde het: 'I'll be here' (reël 8), dra dit baie inligting aan die gehoor en Johan oor. Dinge het vir ewig vir Johan verander omdat Thami eerlik met hom oor die toekoms en sy gevoel vir Johan gepraat het. Maar vir Thami is sy toekomsplanne nog dieselfde. Hy sal teen 'n bestendige, afgemete tempo praat om aan te dui dat hy nou in beheer is. Sy volume sal effens harder as 'n normale praatstem wees, wat aandui dat hy selfversekerd is en seker van sy toekoms. Sy toon is ferm, maar neutraal en straal selfversekering uit.

(6)

- 6.7 Voorblad van *Groundswell*-toneelteks. 'n Subjektiewe antwoord word vereis, maar die mees gepaste antwoord sou wees dat die voorblad geskik is. Gebruik die rubriek hieronder om die nasien te lei. Indien 'n kandidaat sou sê dat die voorblad nie geskik is nie, aanvaar goed gemotiveerde antwoorde en moenie meer as vyf punte vir die antwoord toeken nie.

	PUNT	BESKRYWER
Baie Goed	9–10	Die kandidaat het 'n duidelik begrip van die toneelteks en is in staat om die beelde van die diamante en die mes met die intrige en temas van die toneelstuk te verbind. Die kandidaat is ook in staat om kommentaar te lewer oor die ontwerp deur die doeltreffendheid van die mes se posisie en die diamante wat uit die sakkie geval het, te bespreek. Hy/Sy kan ook na die houttafel en sy ruwe tekstuur verwys as 'n kontras met die glinsterende diamante. Die kandidaat kan ook na die ontwerp van die letters in die titel en die posisie daarvan op die bladsy verwys. Die kandidaat kan beide en toneelteks en die voorblad baie goed bespreek.
Goed	7–8	Die kandidaat verstaan die toneelteks is en in staat om die beelde van die diamante en die mes met die intrige en temas van die toneelstuk te verbind. Die kandidaat kan kommentaar lewer oor die ontwerp deur die doeltreffendheid van die mes se posisie en die diamante wat uit die sakkie geval het, te bespreek. Die kandidaat kan ook na die ontwerp van die titel se letters en die posisie daarvan op die bladsy verwys. Die kandidaat is in staat om beide die toneelteks en die voorblad te bespreek.
Gemiddeld	5–6	Die kandidaat het daarin geslaag om die toneelteks met die beelde van die diamante en die mes te verbind. Die kandidaat kan kommentaar lewer oor die ontwerp, maar is geneig om nie gedetailleerde, spesifieke verwysings te maak nie. Die kandidaat verwys na beide die toneelteks en die voorblad, maar kan nie 'n deeglike bespreking gee nie.
Elementêr	3–4	Die kandidaat is geneig om individuele stellings oor die toneelteks of die voorblad te maak. Dit is oor die algemeen korrek, maar toon min insig in die toneelstuk se temas of intrige. Die kandidaat het 'n mate van kennis oor die toneelteks, maar het nie die vermoë om die betekenis daarvan te bespreek nie.
Swak	0–2	Die kandidaat maak breë stellings wat korrek is, maar wat geen insig in die toneelstuk se temas of intrige toon nie. Stellings soos 'Hulle gebruik 'n mes in die toneelstuk' sal tipies wees.

(10)
[40]

VRAAG 7: MIS DEUR REZA DE WET

- 7.1 Gebruik die rubriek hieronder as riglyn om na te sien.

	PUNT	BESKRYWER
Goed	5–6	Die kandidaat is in staat om te beskryf hoe die klankeffekte bydra tot die spanning en afwagting en daar is bewyse van 'n goeie begrip van die toneelstuk. Hy/Sy is in staat om die effek van die klanke op die karakters en die gehoor te beskryf.
Gemiddeld	3–4	Die kandidaat is in staat om te beskryf hoe die klankeffekte in die toneelstuk gebruik word. Noem dikwels dat dit tot die spanning en afwagting bydra, maar verduidelik nie breedvoerig nie. Daar is bewys van 'n deeglike begrip van die toneelstuk. Hy/Sy kan die effek van die klanke beskryf, maar veralgemeen eerder as om te onderskei tussen die karakters en die gehoor.
Swak	0–2	Die kandidaat maak stellings wat die klankeffekte identifiseer en noem dat dit gebruik word om spanning te skep, maar ondersteun nie sy/haar antwoord nie. Gee dikwels 'n korrekte stelling oor 'n frase wat geleer is, maar kan nie idees ondersteun nie.

(6)

- 7.2 Meisie moet alles klaarmaak omdat die stik en vul van die goiingsakke al is wat hulle van armoede red. Hulle sal net kan oorleef as hulle aanhou werk. Miem wil ook vir Meisie op die werk gefokus hou, eerder as op die sirkus. (2)
- 7.3 Dit is die nag voor die eerste dag van die lente en die sirkus is in die dorp. Miem is bang dat Meisie die huis sal wil verlaat en sy kan dan verdwyn soos voorheen met jong meisies in die dorpie gebeur het. Haar waarskuwing is bedoel om Meisie bang te maak, maar Miem is self regtig bang. (4)
- 7.4 Die godsdienstige oortuigings van die gemeenskap was konserwatief. Seks en seksualiteit is as die duiwel se werk beskou. Die enigste eienskappe wat geprys is, is harde werk en onthouding. Meisies moes rein bly tot hulle trou. Lyding as mens was aanvaarbaar en God se wil. Miem is bang vir die onbekende wat deur die sirkus voorgestel word. (5)
- 7.5 Miem se toon suggereer dat sy 'n geheim met Meisie deel. Haar toon is 'n waarskuwing met vrees wat ondersteun wat sy sê. Terwyl sy van die duiwel praat, klink dit of sy profeteer en is sy amper dreigend. Haar volume begin sag asof sy 'n geheim met Meisie deel. Soos sy aangaan, praat sy harder en harder met haar passie en vrees wat haar die laaste frase amper laat uitskree. Tempo begin stadig as sy Meisie vertel om bedag te wees. Dan word dit vinniger as sy van wellus praat asof sy die woorde so vinnig moontlik moet uitkry sodat sy self nie skuld het aan slegste gedagtes nie. (3 x 3) (9)
- 7.6 Meisie is naïef en bang. Sy reageer kortliks op wat haar ma sê en praat nie baie nie, maar moedig haar ma aan om voort te gaan omdat sy geïnteresseerd is in die geheime daar buite. Sy luister na haar ma en is gehoorsaam. Sy is gefassineer, maar geskok deur haar ma se woorde. (4)
- 7.7 Gebruik die rubriek hieronder as riglyn om na te sien.

	PUNT	BESKRYWER
Baie Goed	9–10	Die kandidaat het 'n duidelike begrip van die aanhaling 'lig, amusant en toksies'. Hy/Sy kan die karakter en die inhoud van die toneelstuk verbind. Hy/Sy het 'n uitstekende begrip van die toneeltekste. Hy/Sy stem saam met die aanhaling en bespreek al drie aspekte van die aanhaling. Die kandidaat kan voorbeelde van ligtheid in die toneelstuk, humor en die toksiese, wrede ondertone van hul lewe gee, dit is die humor in die beeld van die pa wat in die dakkamer woon en die emmer menslike afval wat laat sak word en mors teenoor en pyn en verwarring van die ma en die vernedering om die gemors op te ruim.
Goed	7–8	Die kandidaat verstaan die aanhaling 'lig, amusant en toksies' en kan die karakters en inhoud van die toneelstuk verbind. Hy/Sy het 'n goeie begrip van die toneeltekste. Hy/Sy stem saam met die aanhaling en verwys na al drie aspekte in die aanhaling. Hy/Sy kan 'n voorbeeld gee wat met die aanhaling verband hou.

Gemiddeld	5–6	Die kandidaat is in staat om die aanhaling 'lig, amasant en toksies' met die toneelteks te verbind. Hy/Sy het 'n begrip van die karakters en inhoud van die toneelstuk. Hy/Sy stem met die aanhaling saam en slaag daarin om dit indirek te ondersteun deur geleerde antwoord te gebruik oor die humoristiese aspek en die negatiewe aspek van die aanhaling. Die kandidaat sal waarskynlik nie 'n duidelike voorbeeld gee wat met die aanhaling verbind nie, maar gebruik frases en inligting wat voorstel dat hy/sy 'n begrip van die aanhaling het. Die kandidaat kan nie 'n deeglike bespreking gee nie.
Elementêr	3–4	Die kandidaat is geneig om individuele stellings oor die toneelteks, karakters of inhoud te gee. Dit is oor die algemeen korrek, maar toon min insig in die aanhaling of die toneelstuk se temas. Die kandidaat het 'n mate van kennis van die toneelstuk, maar het nie die vermoë om die aanhaling te bespreek nie.
Swak	0–2	Die kandidaat maak breë stellings wat korrek is, maar wat geen insig in die toneelstuk of die aanhaling toon nie. Die kandidaat het dalk gedeeltelike kennis van die toneelstuk, maar kan nie die inhoud of karakters beskryf nie.

(10)
[40]**TOTAAL AFDELING C: 40**

AFDELING D: DIE GESKIEDENIS VAN TEATER, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHED

Die volgende vrae verdeel die inhoud van hierdie afdeling in verskeie vrae. Onderwysers moet bewus wees dat die eksamen meer holistiese vrae kan bevat wat 'n antwoord kan vereis wat al die aspekte in hierdie afdeling verbind.

Die kandidaat moet **VRAAG 8 OF VRAAG 9** beantwoord.

VRAAG 8**8.1**

- 8.1.1 Realisme is die uitbeelding van 'n gedeelte van die lewe ('slice of life') op die verhoog. Dit handel oor werklike sake en probeer om karakters en die onderwerp so realisties as moontlik voor te stel. (2)
- 8.1.2 'n Prosceniumboog-verhoog en 'n afgeslote stel ('box set'). (2)
- 8.1.3 Die gehoor is voor die verhoog en dien as 'n vierde muur, amper asof hulle voyeurs is. Die akteur word van die gehoor geskei daar is dus nie 'n intieme verhouding tussen die akteur en die gehoor nie. (4)

8.2

Die volgende is 'n gids:

Die stelsel van apartheid het mense verdeel en verneder deur hul menseregte weg te neem. Hierdie wette en het wit mense bevoordeel en was nadelig vir die ander rasse-groepe. Dit was duidelik in amper alle aspekte van die lewe, insluitend vermaak.

Teaterruimtes en -fasiliteite – Gedurende die apartheidsera is die amptelike rade vir uitvoerende kunste deur die staat befonds. Die teaters was dus goed toegerus en kon toneelstukke aanbied wat al die nodige klank- en beligtingstoerusting gehad het, wat gelei het tot die produksie van baie toneelstukke en die versekering dat akteurs 'n goeie salaris verdien het. Die onafhanklike teaters en vryskutakteurs is nie deur die staat befonds nie, maar het goeie ondersteuners en borge gehad, en hulle het ook die voordele van teaters met volledige toerusting geniet. Teaters is ook volgens ras geskei, en akteurs het vir 'n volle blanke gehoor of 'n nie-blanke gehoor opgetree, afhangend van deur wie en waar die toneelstuk opgevoer is. Nie-blanke teaters het nie bestaan nie en baie nie-blanke teaterpraktisyne het in skool-/kerk- of gemeenskapsale opgetree. Omdat hierdie lokale nie teaters was nie, was daar 'n tekort aan tegnologie soos klank en beligting. Dit het 'n impak op die gehalte van die produksies gehad, maar het nie die boodskap weggeneem nie. Die Mark-teater het egter 'n mate van borgskap geniet.

Temas en inhoud van toneelstukke – Baie van die toneelstukke wat in die blanke teaters opgevoer is, was geneig om op Populêre teater (musiekblyspele, ens.) of Sosiale Realisme te fokus, en het nie direk na politiek verwys nie. Daar was sommige eksperimentele toneelstukke wat deur die rade vir uitvoerende kunste aangebied is, maar die meer kontroversiële werke is by innoverende lokale soos die Universiteit van die Witwatersrand en The Stable Theatre aangebied.

In die 1950's en 1960's was die meeste ernstige swart toneelstukke gemik op swart, intellektuele persone en het nie regtig handel soos sake wat die massas raak nie. Die township-musiekblyspel het 'n paar werklike kwessies aangeraak, maar die musiekblyspel formaat en -styl het nie verandering in die gemeenskap aangemoedig nie.

In die 1970's het die stryd teen apartheid verskerp, mat die ontwikkeling van die Swartbewussynsbeweging en die 1976-Soweto-protesoptogte. Die inhoud van hierdie toneelstukke was daarop gemik om sosiopolitieke bewustheid by die massas te kweek.

Vertolking- en toneelspelstyle – In hoofstroomteaters is die vertolkingstyl op die Westerse opvoering gegrond, afhangend van die genre. In die swart township-teaterruimtes (veral in musiekblyspele en werkswinkelproduksies) is hoë-energie, stereotipiese vertolkingstyle dikwels gebruik en nou met die melodrama verbind. Die akteurs moes wissel tussen die realistiese uitbeelding van karakters na die direkte aanspreek van die gehoor en aanmoediging dat die gehoor moet reageer en deelneem. (Aanvaar ander, goed gemotiveerde antwoorde.)

(12)
[20]

OF

VRAAG 9

- 9.1 **Kandidate sal EEN van die volgende beweging kies. Onderwysers moet bewus wees dat, alhoewel hierdie vraag meer feitelike, geleerde inligting vra, toekomstige vraestelle 'n ontleding van die teaterbeweging kan vereis. Hierdie memorandum word in puntvorm gegee, maar kandidate se antwoorde moet in paragraafformaat wees.**

Simbolisme:

- Een van die invloedrykste vroeë reaksies teen Realisme was Simbolisme.
- Hierdie dramatiese beweging het in Frankryk in die 1880's ontstaan.
- Dit het vroeg in die 20^{ste} eeu uitgesterf.
- Simbolisme is antirealisties in sy ontkenning dat waarheid gevind kan word in die bewyse wat deur die sintuie verskaf word of deur rasonale denke.
- Dit stel voor dat die waarheid intuïtief begryp kan word.
- Dit probeer om indrukke en gevoel te dramatiseer – 'n subjektiewe realiteit.
- Simboliese toneelstukke is geneig om misterieus en dubbelsinnig te wees.
- Produksies is uitgeken aan hul eenvoud.
- Atmosfeer en luim is geskep deur beligting, kleur, vorms en lyne.
- Vertolking en regisseurswerk was verteenwoordigend.
- Dialoog is op 'n staccato-manier gelewer.
- Die proscenium is dikwels verwyder om die akteurs toe te laat om die gehoor te bereik en meer te deel.

Ekspressionisme:

- Die fokus is op emosies: van die gehoor en die kunstenaar.
- Voorwerpe wat verantwoordelik is vir die opwek van emosies, was nie die fokus nie.
- Daar was 'n groot hoeveelheid sielkundige introspeksie.
- Die temas van Ekspressionisme het op mense se ontevredenheid met gesag en materialisme gefokus.
- Die toon van die toneelstukke was sarkasties of satiries.
- Die filosofie hieragter was dat daar geen absolute waarheid of eers 'n sweempie van waarheid bestaan nie.
- Die enigste waarheid kan binne onself gevind word.
- Dus is die waarheid subjektief.
- Dit is hierdie subjektiewe realiteit wat Ekspressionisme verken.

Futurisme:

- Futurisme het in Italië begin.
- Futurisme wou die realiteit verander. Dit het die verlede verwerp.
- Die fokus van Futurisme was die verheerliking van die masjien-era.
- Tyd en ruimte is saamgepers en veelvuldige, onverwante tonele is in 'n enkele dramatiese milieu opgevoer.
- Futurisme het probeer om die tradisionele prosceniumboog-benadering te verbreek en het al die kunste ingesluit: sirkus-, musieksaal- en nagklub-tonele is in opvoerings ingesluit.
- Multimedia-tegnieke is gebruik om bewustheid in die gehoor te in te skok.
- Die oorhoofse opvoering en ervaring was soms chaoties met multimedia-aanbiedinge en die gebruik van veelvuldige kunsstyle.
- Akteurs het die vierde muur gebreek en het met tye selfs in die ouditorium opgetree.

Konstruktivisme:

- Die Konstruktivisme-beweging is deur Meyerhold in Rusland begin.
- Hy het 'n opvoerstyl met die naam Biomeganika ontwikkel.
- Hy het geglo dat sekere emosies opgewek kan word deur die gebruik van sekere tipes spierbewegings.
- Hy het Stanislavski se idee dat daar interne motivering moet wees voor 'n emosie opgewek kan word, teengestaan.
- Konstruktivisme is 'n term wat uit 'n studie van kuns geneem is.
- Die gebruik daarvan in die teater was utilitaristiese en nie-dekoratiewe opvoerings en verhoogopstelling.
- Stelle het bestaan uit strukture, platforms, wiele, trappe en masjienonderdele.
- Die groteske is gebruik om die menslike toestand uit te beeld.

Dadaïsme:

- Hierdie dramatiese beweging was daarop gemik om malheid en chaos te skep en te ondersoek.
- Dit was 'n weerspieëling van die manier waarop mense die samelewing ervaar.
- Daar was geen waarheid of orde om betekenis uit sy/haar bestaan te haal nie. Opvoerings was gewoonlik van gedigte met betekenislose klanke wat aan mekaar gelas is. Dadaïsme het aangedui dat daar geen betekenis in ons realiteit of ons interaksies was nie.
- Klankgedigte, met geen letterlike of bedoelde betekenis nie, is opgevoer.
- Die gehoor kon nie sin maak uit hierdie opvoerings nie.

Surrealisme:

- Dadaïsme is geleidelik in 'n nuwe beweging met die naam Surrealisme geabsorbeer.
- Hierdie ontwikkeling het hoofsaaklik in Frankryk begin.
- Surrealisme is ook superrealisme genoem en was ook 'n verset teen Realisme. Artistiese waarheid was die mikpunt van Surrealistiese kunstenaars.
- Surrealiste het probeer om 'n ware staat van realiteit te behaal.
- Om dit te bereik, het hulle bekende menslike toestande teenoor ongewone omstandighede gestel.
- Die band van gewone realiteit is gebreek.
- Alledaagse logika is verwerp.
- Jean Cocteau was die belangrikste teaterpraktisyn van Surrealisme.
- Antonin Artaud was ook invloedryk en hy het nuwe ruimtes gebruik om tradisionele teatergeboue te vervang.
- Hy het skerp ligte, skril klankeffekte en die gebruik van stemme gebruik om harmonie of geraas te skep. Sy teater is genoem 'The Theatre of Cruelty'.
- Dit was 'n teater van totale spektakel en het die seremoniële kwaliteit van 'n godsdienstige rite gehad.

(Kandidate kan ander, relevante en korrekte historiese feite, kontekste, verduidelikings en teatermanifesterings, asook voorbeelde wat met 'n spesifieke dramatiese beweging verband hou, gee.)

(10)

- 9.2 **Kandidate sal EEN van die SA kontemporêre teaterstyle kies. Onderwysers moet bewus wees daarvan dat, alhoewel hierdie vraag meer feitlike, geleerde inligting vra, toekomstige vraestelle 'n ontleding van die SA-styl kan vereis. Kandidate sal altyd 'n keuse tussen bewegings hê om te bespreek.**

Kandidate moet seker maak dat hulle die volgende aspekte van die teaterstyl bespreek:

- Agenda (instrument van een of ander soort maatskaplike of onderwysverandering)
- Sosiopolitieke omgewing – watter maatskaplike en politieke kwessies hanteer word
- Hoe die toneelstuk gekonstrueer is – teks geskryf deur outeur(s) of werkswinkeldrama (in samewerking of geregisseur)
- Wie die akteurs is – professioneel of amateur of ander
- Teikengehoor

(Kandidate kan die kwessie holisties bespreek, as 'n lys van vyf punte wat verduidelik word of tien kort opmerkings. Gebruik die rubriek op die volgende bladsy om die vraag na te sien.)

	PUNT	BESKRYWER
Baie Goed	9–10	Die kandidaat het 'n uitstekende begrip van die manier waarop teater as 'n instrument vir sosiopolitieke verandering in SA gebruik is. Hy/Sy is in staat om sy/haar antwoord te ondersteun en gebruik besonderhede van die spesifieke agenda van die teatervorm wat hy/sy gekies het om temas te bespreek en te verduidelik hoe dit in die opvoering voorgestel word. Die metode van konstruksie van die toneelstuk word ook verduidelik. Die kandidaat is in staat om inligting te gee oor wie die akteurs en hul teikengehoor moontlik kon wees. Die antwoord word in paragraafvorm aangebied.
Goed	6–8	Die kandidaat het 'n deeglike begrip van die manier waar die teater as 'n instrument vir sosiopolitieke verandering in SA gebruik is. Hy/Sy is in staat om sy/haar antwoord te ondersteun en 'n paar besonderhede van die spesifieke agenda van die teatervorm wat hy/sy gekies het, te bespreek en verduidelik temas en hoe dit in die opvoering voorgestel is. Die metode van konstruksie van die toneelstuk word ook verduidelik. Die kandidaat is in staat om enkele inligting oor wie die akteurs en hul teikengehoor moontlik kon wees, te gee. Alhoewel die antwoord waarskynlik in paragraafvorm aangebied word, kan sommige kandidate in hierdie kategorie puntvorm en kort sinne gebruik om alle inligting te dek.
Gemiddeld	4–5	Die kandidaat het 'n begrip van die manier waarop die teater as instrument vir sosiopolitieke verandering in SA gebruik is. Hy/Sy gee enkele besonderhede van die spesifieke agenda van die teatervorm wat hy/sy gekies het en noem ten minste een tema. Die kandidaat is in staat om enkele inligting oor die teikengehoor, toneelspelers OF temas te gee. Baie kandidate in hierdie kategorie gebruik puntvorm en kort sinne om al die inligting te dek.
Swak	0–3	Die kandidaat het 'n swak begrip van die manier waarop teater as 'n instrument vir sosiopolitieke verandering in SA gebruik is. Hy/Sy gee enkele inligting oor die teatervorm wat hy/sy gekies het om te bespreek. Kandidate in hierdie kategorie sal puntvorm en kort sinne gebruik. Hulle is geneig om breë stellings te maak, waarvan baie glad nie met die gekose teatervorm verbind kan word nie.

(10)
[20]

VRAAG 10 en VRAAG 11 is VERPLIGTEND. Kandidate moet BEIDE vrae beantwoord.

VRAAG 10

10.1 In elke teater tegniek wat getoon word, moet die kandidaat EEN volledige rede verduidelik waarom die tegniek suksesvol is of TWEE/DRIE kort redes gee.

10.1.1 Beligting: Die poel lig wat op die staande akteur fokus, maak hom die sentrale fokuspunt van die foto, al staan hy aan die linkerkant. Die lig wat op die agtergrond as 'n sirkel skyn, kontrasteer met die reghoekige vorms van die skerms. Die donker ruimte aan die regterkant van die foto versteek die man met die geweer en dra by tot die spanning.

(2)

10.1.2 Skerms: Die skerms kan maklik verskuif word en is baie effektief omdat hulle deursigtig of ondeursigtig kan wees, afhangend van die beligting. Die skaduwee van die toneelspeler agter die skerm skep die indruk van vrees, pyn en gevaar. Akteurs kan die voorkant van die skerm as 'n geraamde ruimte gebruik of daaragter skuil. Die skerm verskaf 'n basiese stel op die verhoog en laat 'n verskeidenheid ruimtes toe wat die akteurs kan gebruik.

(3)

- 10.1.3 Gewere: Die gewere is spesifieke rekwisiete wat in hierdie foto betekenis skep eerder as 'n funksionele middel soos beligting en skerms wat verander saam met die verskillende toneelstukke waarin dit voorkom. Die gebruik van gewere skep 'n atmosfeer van geweld en spanning. Dit is effektiewe en baie duidelike simbole. (2)
- 10.2 Die gewere, skerms en kostuums kan maklik vervoer word, maar beligting kan nie. Die produksie kan steeds opgevoer word en die gehoor sal die meeste van die aksies en kwessies verstaan, maar die artistiese teateraspekte sal verminder word, asook baie van die subtiliteit, dit wil sê die kollig op die akteur trek die gehoor se aandag na hom toe en dit sal nie meer moontlik wees nie. (3)
- [10]**

VRAAG 11

- 11.1 Selfassessering – Dit behels dat die individu sy/haar eie werk krities evalueer. (1)
- 11.2 Portuurassessering – Hier sal 'n lid van die dramaklas kyk hoe die leerder optree en hom/haar dan terugvoer gee om te help om die opvoering te verbeter. (1)
- 11.3 Selfrefleksie is noodsaaklik vir 'n gedetailleerde, goed voorbereide opvoering. Wanneer die leerder oor hy/haar eie opvoering skryf, laat die proses die leerder toe om sy/haar eie sterk en swak punte te herken. Klasse is groot en dikwels kan die onderwyser nie individuele tyd saam met elke leerder spandeer nie.
- Portuurassessering skep 'n geleentheid vir 'n leerder om sy/haar opvoering te verbeter nadat 'n klasmaat vir hom/haar raad gegee het. Die proses om aan ander raad te gee, help leerders ook om te verstaan wat 'n opvoering beter maak en help hulle ook met hul eie begrip van die toneelstuk of opvoering. Die kandidaat moet voorbeelde uit sy/haar eie ervaring gebruik.

	PUNT	BESKRYWER
Baie Goed	7–8	Die kandidaat het 'n uitstekende begrip van self- en portuurassessering. Hy/Sy is in staat om sy/haar antwoord te ondersteun deur na spesifieke voorbeelde in sy/haar opvoering op skoolvlak te verwys.
Goed	5–6	Die kandidaat het 'n goeie begrip van self- en portuurassessering. Hy/Sy is in staat om sy/haar antwoord te ondersteun deur na 'n voorbeeld van sy/haar opvoering op skoolvlak te verwys.
Gemiddeld	3–4	Die kandidaat het 'n gedeeltelike begrip van self- en portuurassessering. Hy/Sy verwys na 'n voorbeeld van sy/haar opvoering op skoolvlak, maar verbind dit nie noodwendig duidelik met self- en portuurassessering nie.
Swak	0–2	Die kandidaat kan eenvoudig self- of portuurassessering verduidelik. Hy/Sy kan na 'n voorbeeld van sy/haar opvoering op skoolvlak verwys, maar verbind dit nie duidelik met self- en portuurassessering nie. Is geneig om breë stellings te maak, waarvan baie nie duidelik met self- of portuurassessering verbind word nie.

(8)
[10]

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 150